**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**AFRIKAANS HUISTAAL**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

Lees asseblief die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat jy begin skryf:

- Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees dan daarna hierdie vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen.
- Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

  AFDELING A: Gedigte
  AFDELING B: Roman
  AFDELING C: Drama
- Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.
- Beantwoord VYF vrae in totaal: 3 uit Afdeling A, 1 uit Afdeling B en 1 uit Afdeling C.
- Nommer die antwoorde presies soos in die vraestel.
- Beantwoord elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Voorgestelde tydsindeling
  - o Afdeling A: ongeveer 40 minute
  - o Afdeling B: ongeveer 55 minute
  - o Afdeling C: ongeveer 55 minute

---

**INHOUDSOPGAWE**

| **AFDELING A: GEDIGTE**<br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord enige TWEE vrae.** | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BL.** |
| 1. *Man met flits* ( D.J. Opperman) | Opstelvraag | 10 | 4 |
| **OF** | | | |
| 2. *Onderwyser* (Antjie Krog) | Konteksvraag | 10 | 5 |
| **OF** | | | |
| 3. *23* (Breyten Breytenbach) | Konteksvraag | 10 | 6 |
| **OF** | | | |
| 4. *27 april 1994* (Vincent Oliphant) | Konteksvraag | 10 | 8 |
| **EN**<br>**Ongesiene gedig: Beantwoord enige EEN vraag.** | | | |
| 5. wat die sterre sê (/Han#kass'o) | Opstelvraag | 10 | 9 |
| **OF** | | | |
| 6. wat die sterre sê (/Han#kass'o) | Konteksvraag | 10 | 10 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br>**Beantwoord EEN vraag*** | | | |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* (Eleanor Baker) | Opstelvraag | 25 | 11 |
| **OF** | | | |
| 8. *Die kwart-voor-sewe-lelie* (Eleanor Baker) | Konteksvraag | 25 | 11 |
| **OF** | | | |
| 9. *Manaka, plek van horings* (Pieter Pieterse) | Opstelvraag | 25 | 15 |
| **OF** | | | |
| 10. *Manaka, plek van horings* (Pieter Pieterse) | Konteksvraag | 25 | 15 |
| **OF** | | | |
| 11. *Vatmaar* (A.H.M. Scholtz) | Opstelvraag | 25 | 18 |
| **OF** | | | |
| 12. *Vatmaar* (A.H.M. Scholtz) | Konteksvraag | 25 | 18 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br>**Beantwoord EEN vraag*** | | | |
| 13. *Krismis van Map Jacobs* (Adam Small) | Opstelvraag | 25 | 21 |
| **OF** | | | |
| 14. *Krismis van Map Jacobs* (Adam Small) | Konteksvraag | 25 | 21 |
| | | | |
| 15. *Mis* (Reza de Wet) | Opstelvraag | 25 | 24 |
| **OF** | | | |
| 16. *Mis* (Reza de Wet) | Konteksvraag | 25 | 24 |

***Let wel:** Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vraag beantwoord het, **móét** jy die opstelvraag in Afdeling C beantwoord, of andersom.

**KONTROLELYS**

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE WAT BEANTWOORD MOET WORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1 – 4 | 2 | |
| A : Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 – 6 | 1 | |
| B: Roman (Opstel- of konteksvraag) | 7 – 12 | 1 | |
| C : Drama (Opstel- of konteksvraag) | 13 – 16 | 1 | |
| **LET WEL : Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSVRAAG uit Afdeling B en C.** | | | |

## AFDELING A

### POËSIE

Beantwoord enige TWEE van die vrae (uit Vraag 1 – 4) oor die voorgeskrewe gedigte.

Beantwoord EEN vraag (uit Vraag 5 – 6) oor die ongesiene gedig.

### VOORGESKREWE GEDIGTE

### VRAAG 1

Lees die onderstaande gedig sorgvuldig deur en beantwoord die daaropvolgende opstelvraag.

**Man met flits** (D.J. Opperman)

In die klein wit kol
van my wete stol

bruin en skerp ŉ klip
soos ŉ bok wat skrik,

staan, vinnig weghol
uit die klein wit kol.

Aan ŉ takkie hang
twee ogies wat bang

uit die klein wit skyn
van my flits verdwyn.

Oor waters wat glip
soek ek klip na klip

maar ŉ duister land
bedreig my alkant.

***Uit: Negester oor Ninevé,***
**Nasionale Boekhandel Beperk, 1947**

In hierdie gedig wat oor menslike soeke handel, ontwikkel die konkrete en abstrakte betekenisvlak gelyktydig. Skryf ŉ goed gestruktureerde opstel van 250 – 300 woorde waarin jy op die volgende konsentreer:

- Verduidelik hoe die gedig enersyds letterlik en andersyds figuurlik verstaan kan word.
- Onderskei die drie betekenisfases in die gedig en verduidelik die progressie van donker/duisternis.
- Wat bereik die digter met die eenlettergrepige woorde en enjambemente in die gedig?
- Watter funksie kan die gelyktydige ontwikkeling van die twee betekenisvlakke hê?
- Sê in die slotparagraaf van die opstel tot watter insig jy met die lees van hierdie gedig kom.

(Onthou om jou opstel van ŉ inleiding, soos wat deur die assesseringsrubriek voorgeskryf word, te voorsien.) **[10]**

## VRAAG 2

Lees die onderstaande gedig sorgvuldig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Onderwyser** (Antjie Krog)

Jy staan voor ons in die klas
by jou tafel, by jou moedertaal
by jou boeke, jou hoedjie en jou tas
Jy staan voor ons soos ŉ klein Jericho
en al het jy mure om jou gebou
dra jy tande van silwer en goud
en al het jy wagters in al jou torings
bly daar ŉ Ragab in jou

Tog bly jy sterk,
al trek ons elke dag óm jou
met die ark van die jeug op ons skouers,
met trompette van ligsinnigheid voor ons monde

Tog bly jy werk,
al krummel jou mure op die sewende dag
al val jy vooroor op die aarde
jy sal nie kla oor jou lot
want Malherbe is jou here en
    Totius jou god

***Uit: Dogter van Jefta,***
**Human & Rosseau uitgewers (Edms) Bpk. 1970**

2.1 Na wie verwys die "**ons**" in r. 1 en vir wie staan dit in die interteks (Bybelteks) wat in die gedig ter sprake is? (2)

2.2 Benoem die beeldspraak in r. 4. (1)

2.3 Om watter rede het die onderwyser “**mure om hom gebou**” (r. 5)? (1)

2.4 Watter persoon uit die gedig sinspeel op die menslikheid of sagtheid van die onderwyser? (1)

2.5 Beskryf die kontras wat in r. 5 en r. 8 voorkom. (1)

2.6 Watter funksie het die akuutaksent in “**óm**” (r. 10)? (1)

2.7 Haal een woord uit r. 9 – 10 aan wat op die onderwyser se vasberadenheid dui om die aanslae af te weer. (1)

2.8 Watter woord in r. 13 – 17 dui daarop dat die onderwyser sy werk moontlik nie vreugdevol beskou nie? (1)

2.9 Motiveer uit die twee slotreëls waarom “**Malherbe**” (r. 17) en “**Totius**” (r. 18) nie met God gelykgestel word nie. (1)

**[10]**

## VRAAG 3

Lees die onderstaande gedig sorgvuldig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**23** (Breyten Breytenbach)

jou brief is wonderlik, nog groter en ligter
as die gedagte aan ’n blom wanneer die droom
tuingrond is,
jou brief gaan oop iets ontvou
en van buite kom daar lug kom daar woorde
kom ruimte,

ek het in groen weivelde geslaap
ek het op die rand van die dal van doodskaduwee
in die laaste nagwaak
gelê en luister hoe die veroordeeldes
deur gange in die grond gelei word,
hoe hulle sing,

met die asems in die monde
soos inwoners wat op vertrek staan
omdat die stad brand, hoe hulle sing
met die asems soos boeie,
hoe hulle sing,
hulle wat van die donker in die lig gaan spring
hulle wat gepos gaan word na ’n bestemminglose adres,
en ek het die onheil gevrees

die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders
is leeg, ek het as op my hoof,
my beker is leeg,

en ek het na jou brief gevlug en gelees
van die lemoenboompie oortrek van wit bloeisels
wat oopgaan met die son,
ek kon dit ruik op die balkon,
ek kan jou ruik

nog heerliker en ligter as die gedagte aan ʼn blom
in hierdie donker nag,

ek sal aan jou woorde aan die lug hang,
gee dat ek in jou brief mag woon
in lengte van dae

*envoi,*
jou brief is wonderlik, nog groter en ligter
as die gedagte aan ʼn blom wanneer die droom
tuingrond is,
jou brief gaan oop iets ontvou
en van buite kom daar lug kom daar woorde
kom onthou,

***Uit: Voetskrif,***
**Perskor-Uitgewery, 1976**

3.1 Verduidelik waarom hierdie gedig as ʼn voorbeeld van outobiografiese poësie gesien kan word. (2)

3.2 Na watter interteks verwys die gedigtitel? (1)

3.3 Watter woord uit strofe 1 sluit by "**brief**" (r. 1 en r. 4) en "**ontvou**" (r. 4) aan? (1)

3.4 Waarop dui "**ruimte**" (r. 6) moontlik vir die spreker? (1)

3.5 Waarom is die "**nagwaak**" (r. 9) die laaste een vir die "**veroordeeldes**" (r. 10)? (1)

3.6 Wat is die funksie van die herhaling van "**hoe hulle sing**" (r. 12 en r. 17)? (1)

3.7 Watter twee sake word in r. 15 – 16 met mekaar vergelyk? (1)

3.8 In watter opsig kontrasteer r. 25 met r. 30? (1)

3.9 Waarop sinspeel die komma aan die einde van "**onthou**," (r. 40)? (1)
**[10]**

## VRAAG 4

Lees die onderstaande gedig sorgvuldig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**27 april 1994** (Vincent Oliphant)

uiteindelik vou ek die verlede toe
knyp sy vlerke tussen duim en vinger vas
tot hy veilig deur ŉ gleuf in die geskiedenis glip
en anderkant
wonderbaarlik
vry
die duif van vrede sy blou vlerke sprei

sodat my nuutgebore stem na woorde smag
om ŉ lied vir my land
soos ŉ vlag aan die tong te laat sweef
bo die geruislose val van skanse van die vel

sodat ek vry uit die vervreemding tree
om in die oë van vergetenes en langverlorenes
uiteindelik myself te kan sien
soos iemand wat ek nooit geken het nie

om aan hulle die hand te gee
en te voel hoe vlees en vlees ontmoet

want een lyn van bloed loop deur die eeue
loop deur die ganse geskiedenis
loop deur elke uithoek van die land
loop deur my en loop deur jou
van Genesis tot nou

***Uit: Die sagte vlees,***
**Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1998**

4.1 Na watter historiese gebeure verwys die titel van die gedig? (1)

4.2 Watter woord in r. 1 – 3 dui op die feit dat die spreker lank op dié oomblik moes wag? (1)

4.3 Wat is die emotiewe waarde van die woorde wat in r. 5 en r. 6 alleen geplaas is? (1)

4.4 Wat impliseer die "**anderkant**" (r. 4) vir die spreker? (1)

4.5 Benoem die beeldspraak in r. 9 – 10. (1)

4.6 Waarvan kan die vlag in r. 10 ŉ simbool wees? (1)

4.7 Waarna verwys die metafoor: "**val van skanse van die vel**" (r. 11)? (1)

b.o.

4.8 Watter gebaar lê daarin om mekaar "**die hand te gee**" soos in r. 16? (1)

4.9 Waarom is dit funksioneel dat strofe 4 (r. 16 – 17) in koepletvorm geskryf is? (1)

4.10 Deur middel van watter stylfiguur word "**loop**" in die slotstrofe beklemtoon? (1)
**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG**

Beantwoord Vraag 5 OF Vraag 6.

**VRAAG 5**

Lees die onderstaande gedig sorgvuldig deur en beantwoord die daaropvolgende opstelvraag.

**wat die sterre sê** (/Han#kass'o)

1 die sterre vat jou hart
2 want die sterre is vir jou nie bietjie honger nie!
3 die sterre verruil jou hart vir ŉ ster se hart
4 die sterre vat jou hart en voer jou ŉ ster se hart
5 dan word jy nooit weer honger nie

6 want die sterre sê: 'tsau! tsau!'
7 en die boesmans sê die sterre vervloek die springbok se oë
8 die sterre sê: 'tsau!' hulle sê: 'tsau! tsau!'
9 hulle vloek die springbok se oë
10 ek het groot geword luisterend na die sterre
11 die sterre sê: 'tsau! tsau!'

12 en dis altyd somer wanneer jy die sterre hoor 'tsau' sê

***Uit: die sterre sê 'tsau',***
**Kwela boeke, 2004**

Die digter gebruik die natuur in die Strandberge (sy bekende omgewing) om ŉ moontlike tema dat die mens (se hart) altyd na meer streef, weer te gee.

Skryf ŉ goed gestruktureerde opstel van 250 – 300 woorde waarin jy oor die aanwending van die natuur in die gedig skryf en verwys na die volgende:

- Bespreek en motiveer wat jy as moontlike tema van die gedig sal beskou.
- Wat is personifikasie en hoe word dit in die gedig aangewend?
- Bespreek die herhalings in strofe 2 wat die tema help uitbeeld.

(Onthou om jou opstel van ŉ inleiding en ŉ slot te voorsien.)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 6

Lees die onderstaande gedig **wat die sterre sê** (/Han#kass'o) sorgvuldig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**wat die sterre sê** (/Han#kass'o)

die sterre vat jou hart
want die sterre is vir jou nie bietjie honger nie!
die sterre verruil jou hart vir 'n ster se hart
die sterre vat jou hart en voer jou 'n ster se hart
dan word jy nooit weer honger nie

want die sterre sê: 'tsau! tsau!'
en die boesmans sê die sterre vervloek die springbok se oë
die sterre sê: 'tsau!' hulle sê: 'tsau! tsau!'
hulle vloek die springbok se oë
ek het groot geword luisterend na die sterre
die sterre sê: 'tsau! tsau!'

en dis altyd somer wanneer jy die sterre hoor 'tsau' sê

***Uit: die sterre sê 'tsau',***
**Kwela boeke, 2004**

6.1 Die titel skep 'n afwagting op die woorde wat die sterre moontlik gaan sê. Watter woorde is dit? (1)

6.2 Benoem die beeldspraak wat in r. 1 ter sprake is. (1)

6.3 Wat is die betekenisimplikasie van r. 2? (1)

6.4 Skryf EEN woord uit r. 4 neer wat moontlik die onwilligheid van die mens/ aangesprokene om sy hart prys te gee aandui. (1)

6.5 Dui aan hoe r. 2 en r. 5 met mekaar kontrasteer. (1)

6.6 Haal uit r. 6 – 10 die rede aan dat 'n mens nie weer honger sal raak nie. (1)

6.7 Watter emotiewe waarde kan moontlik aan "**tsau!**" (r. 6 en r. 8) geheg word? (1)

6.8 Deur watter stylfiguur of ander verstegniese middel word "**tsau**" in r. 8 beklemtoon? (1)

6.9 Watter tipe spreker tree in hierdie gedig op? (1)

6.10 Die sterre sê nie net in die gedig **"tsau"** nie, maar het dit ook vantevore gesê. Bewys hierdie stelling met 'n woord of frase uit r. 8 – 11. (1)
**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

## AFDELING B

## ROMAN

- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vraag beantwoord, sal jy die opstelvraag in Afdeling C **móét** beantwoord, of andersom.
- Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie.
- Dit is belangrik om die vraag oor die roman wat jy behandel het, te beantwoord.
- Onthou dat die opstelvraag van ŉ inleidingsparagraaf en ŉ slotparagraaf (volgens die nasienrubriek) voorsien moet word.

## VRAAG 7

***Die kwart-voor-sewe-lelie*** **(Eleanor Baker)**

In hierdie roman blyk dit dat Iris aanvanklik as ŉ buitestander beskou kan word. Bespreek hierdie stelling in ŉ goed gestruktureerde opstel van 400 – 450 woorde en verwys na die volgende in jou antwoord:

- Gee ŉ omskrywing van wat ŉ buitestander is en hoe dit op Iris van toepassing is.
- Iris se geboorte en haar lewe in die gesin dra tot haar buitestanderskap by.
- Iris se buitestanderskap lei tot die skep van haar fantasie-wêreld.
- Iris ondergaan groei/ontwikkeling van onbetrokkene na betrokkene en hef so haar buitestanderskap op.

**[25]**

**OF**

## VRAAG 8

***Die kwart-voor-sewe-lelie*** **(Eleanor Baker)**

Bestudeer die volgende teksfragmente uit die roman en beantwoord die daaropvolgende vrae.

> Die Peter wat ek ontmoet het, het nie veel van sy fiktiewe eweknie verskil nie. Dieselfde ruwe, ongekamde soort aantreklikheid, dieselfde selfversekering, dieselfde blonde meisie aan sy sy. Dit was ŉ studentepartytjie, maar hy het nie vir my na ŉ student gelyk nie. Ek het hom ŉ hele ruk gesit en dophou en in die stilligheid gedink hy lyk nogal na sy prototipe, maar toe hy aan my voorgestel word en ek hoor sy naam is Peter het ek geskrik. (Ek was nog jonk genoeg om dit bonatuurlik te vind wanneer fantasie en werklikheid oorvleuel.)

"Wat is jou naam nou weer?" het hy gevra en oorgebuig na waar ek in ’n hoek gesit het.

"Iris."

"Die Griekse godin van die reënboog," het hy gesê en vir my geknipoog.

Ek was lamgeslaan. Reënboog? Ek het afgekyk na my grys rok en roomkleurige tjalie, my kortgeknipte, kleurlose naels, my regaf donker hare. Dienares van hoëre gode.

"Hoe weet jy dit?" het ek lammerig gevra.

Die iris is ’n embleem wat deur die eeue gebruik is," het hy vlot vertel. "Veral in die dekoratiewe kuns. Borduurwerk uit die Ooste, motiewe op Persiese erdewerk. Dis tot deel van die Franse vaandel." Ek moes vir hom dom gelyk het, want hy het voortgegaan. "Die *fleur de lis*. Jy weet tog wat dit is?"

"Ja."

"Daar het jy dit dan. ’n Naam vol ryke assosiasies."

Ek het rondgevat na iets om te drink en my glas sodawater opgetel om as skans te gebruik. "Hoe weet jy dit?"

"Nageslaan," het hy vlot geantwoord.

"Hoekom?"

"Jy's nie die eerste Iris wat ek ontmoet nie."

Ek moes op my lip byt om nie by te voeg: en jy ook nie die eerste Peter nie.

"Mag ek maar hier by jou sit?" het hy gevra.

Ek het om my rondgekyk. Behalwe die stoel waarop ek gesit het, was daar net ’n klein lamptafeltjie wat nie stewig genoeg gelyk het nie. "Waar?" het ek gevra.

"In my woonstel?"

Ek het my glas neergesit. "Waar is jou woonstel?"

"So ’n ent met die gang af."

"In hierdie gebou?"

Hy het geknik.

"Wat van jou vriendin?"

Hy het gegrinnik. "Watter een?" Hy het sy kop geskud asof hy die ligsinnigheid van hom wou afskud. "Ek het alleen gekom. Wat van jou?"

"Ook."

"Waarvoor wag ons?" het hy gevra en my aan die hand regop getrek.

Ek is saam met hom na sy woonstel.

8.1 Uit watter karakter se gesigpunt word r. 1 – 2 vertel? (1)

8.2 Watter karaktereienskap kan jy uit r. 8 – 9 van die verteller aflei? (1)

8.3 Watter kontrasterende siening het Peter en Iris aan die naam "**Iris**" geheg? (2)

8.4 Waarna verwys die "**prototipe**" in r. 6? (1)

8.5 In r. 25 word gemeld dat die naam (Iris) vol ryke assosiasies is.

8.5.1 Verduidelik hoe Iris haar lewensfilosofie aan die blomnaam koppel. (1)

8.5.2 Wat was Billy se kommentaar ten opsigte van dié filosofie (wat jy in Vraag 8.5.1 geïdentifiseer het)? (1)

8.6 Om watter rede het Iris dit nodig gevind om ŉ skans (r. 27) tussen haar en Peter te hê? (1)

8.7 Binne watter konteks het Iris die eerste Peter (r.31 – 32) ontmoet? (1)

8.8 Wat is ironies aan hierdie ontmoeting met Peter (r. 31 – 32)? (1)

8.9 Watter karaktereienskap van Iris en Peter kan afgelei word uit die feit dat hulle nie op hulle laat wag het volgens reël 47 nie? (1)

8.10 Hoe het Iris later die gebeure in die woonstel tydens die eerste ontmoeting probeer regverdig? (1)

> Soos die warm lug my ledemate ontdooi het, het ŉ snydende pyn in my been begin klop. "Ek dink my been is gebreek," het ek vir die hoeveelste keer gesê.
>
> "Ag, foei tog, poplap," het Peter berouvol gesê en drie koffiebekers uit die rak gehaal. "Ek maak gou vir jou iets warms om te drink." Hy het hom weer tot Brian gewend. "Dink jy regtig sy is nou beter, want daardie motor kry ons wragtig nie gou hier uit nie?"
>
> "Haar kleur was beter. Ek dink sy het die gif – as dit gif was – alles uitgespoeg."
>
> "Het sy iets gedrink?"
>
> Ek het my handskoene uitgetrek en op die trap langs my neergesit en my pers naels bestudeer terwyl die mans Bettie se herstel bespreek het.

8.11 Gedurende watter tyd van die jaar en in watter land vind die gebeure in bogenoemde teksfragment (r. 50 – 63) plaas? (2)

8.12 Die frase "**het ek vir die hoeveelste keer gesê**" (r. 52) dui op ŉ gebrek aan kommunikasie tussen Iris en Peter. Gee nog ŉ voorbeeld uit die roman wat op gebrekkige kommunikasie tussen dié twee dui. (1)

8.13 Wie is dit wat vermoedelik gif gedrink het (r. 58)? (1)

8.14 Wie of wat het Iris laat opstaan om die persoon (wat jy in Vraag 8.13 geïdentifiseer het) te gaan help? (1)

> Dit is nou laatsomer en ek en Johanna sit saam op ons kombuisstoeltjies in die hoek van die skadutuin. Dis halfsewe en ons hou die lelie dop. Toe ek nou-nou opkyk, het ek Die Engel deur die ondertuin sien sweef. Hy hou daarvan om laatmiddae in die tuin te wees. Miskien kommunikeer hy met die plante of versterk hy sy onsterflike siel sodat hy krag het vir ons latere argumente. Ek weet nie.
>
> "Dan sal ons seker maar so saam oud word," sê Johanna vir my toe sy met ŉ steun langs my kom sit.
>
> "Jy word vet," sê ek. "Jy gaan nie ou bene maak as jy nie oppas nie."
>
> "Ek is gesond vir my jare," sê sy gebelg. Ek sit my hand op haar knie om te wys ek bedoel dit nie regtig nie en Polder kyk van die een na die ander en na die lelie wat met bultende knop roerloos voor ons staan.
>
> "Ek hoop nie hy's laat nie," sê Johanna. "Ek wil nie die kos vir Peter verbrand nie."
>
> "Wees geduldig," sê ek. "Dis amper tyd."

8.15 Wanneer het Iris vir die eerste keer persoonlik met die Engel kennis gemaak? (1)

8.16 Die leser maak vir die eerste keer in die motto van die boek met die Engel kennis. Watter belangrike leesriglyn bied die motto vir die leser? (1)

8.17 Met Peter se oogbesering het daar eksterne (uiterlike) konflik tussen Iris en die Engel plaasgevind.

8.17.1 Wat wou Iris toe met die Engel doen omdat hy nie vir Peter beskerm het nie? (1)

8.17.2 Watter belangrike lewensles bied die Engel aan Iris in bogenoemde situasie? (1)

8.17.3 Die Engel het by ŉ ander geleentheid Iris gehelp om tot insig te kom met betrekking tot haar lewensfilosofie en naam. Wat is hierdie insig waartoe Iris gekom het? (1)

8.18 Vir presies “hoe laat” wag Iris en Johanna terwyl hulle die lelie dophou (r. 65 – 66)? (1)

8.19 Wat suggereer hierdie wag van Iris? (2)

**[25]**

## VRAAG 9

***Manaka, plek van horings*** **(Pieter Pieterse)**

In die roman is dit duidelik dat Baas Chipman die hoofkarakter is. Bespreek sy karakter in ŉ goed gestruktureerde opstel van 400 – 450 woorde en gee veral aandag aan die volgende hoofpunte:

- Bespreek die term *hoofkarakter* en hoe dit op Baas van toepassing is.
- Baas is ŉ natuurmens en voel tuis in die natuur.
- Baas kom as ŉ buitestander na vore, veral in Barotseland.
- Baas se geloofstryd word in Barotseland voortgesit.
- Verduidelik of jy met Baas se karakter kan identifiseer.

**[25]**

**OF**

## VRAAG 10

***Manaka, plek van horings*** **(Pieter Pieterse)**

Bestudeer die volgende teksfragmente uit die roman en beantwoord die daaropvolgende vrae.

> Miskien is dit onlangs oorgeverf. Hy soek verder, maar aan geeneen van die bome in die omgewing kry hy tekens dat buffelhorings ooit aan die stamme vasgekap was nie. Mettertyd kom die gedagte by hom op dat iemand hom dophou. Dit laat hom effens verspot voel.
>
> Eintlik is dit verspot, dink hy. En g'n horing kan honderd jaar hou nie. Die haarwurms het hulle werk gedoen. Selfs die skedelbene het teen hierdie tyd lankal stof geword. Maar die bewerigheid verdwyn nie uit sy ledemate nie.

10.1 Waar speel die gebeure in hierdie fragment af? (1)

10.2 Om watter rede is die karakter op soek na buffelhorings? (1)

10.3 Baas het ook ŉ ander soektog gehad, na antwoorde op dié vrae van wat van jou ŉ Christen maak.

10.3.1 Waarvan het hy die eerste nag in hierdie gebied gedroom wat by hierdie soektog aanpas? (1)

10.3.2 Wie het hom later in die roman gelei om tot ŉ antwoord te kom? (1)

10.4 Watter karaktertrek kan ons uit r. 2 – 6 van dié karakter in die fragment aflei? (1)

10.5 Op watter ooreenkomstige wyse het die oorlede Dennis Chipman en Baas (ook Dennis Chipman en die agterkleinseun van Dennis Chipman) Manaka afgebaken? (1)

10.6 Motiveer of jy dink dat daar wel iemand was wat Baas dopgehou het. (1)

10.7 Watter teenstrydigheid is in die karakter se naam **Baas** geleë? (1)

10.8 Hoe moes Baas te werk gaan voordat hy sy kleim op Manaka kon afpen? (1)

10.9 Wat is die werklike rede vir Baas Chipman se koms na Manaka? (1)

> By die vergadering spreek ouma Essie die khuta aan sonder om hande te klap. Sy praat Engels. "As julle ná vier of vyf jaar nie weer iemand gekry het om Manaka te huur nie, sal ek en Tibelelo miskien ons huis kan terugkry en dit gaan regmaak. Daarom is dit ’n goeie ding dat julle die man wat wit is, weggejaag het met julle gierigheid."
>
> Die khuta onderbreek haar. Hulle sê noudat die man wat wit is, geloop het, kan sy in Silozi praat, dan hoef daar nie getolk te word nie.
>
> "Ek sal aanhou praat in ’n taal wat hierdie vrou wat wit is, kan verstaan, want wat julle oor die man wat wit is, besluit, is ook julle besluit oor die sendelinge. Sonder meneer Baas sal hulle nie in Barotseland kan bly nie. Hulle sal vir hulle ’n ander sendingstasie gaan soek waar daar mense is wat gehelp wil word en wat weet ’n hoender lê vanself eiers. Om haar te druk, sal niks help nie. Al wat jy kry as jy hard genoeg druk, is ’n dooie hoender. Ek het niks meer om te sê nie."

10.10 Waarom word daar hande geklap as daar met die khuta gepraat word (r. 12 – 13)? (1)

10.11 Wat sê dit van ouma Essie se houding as sy nie hande klap nie? (1)

10.12 Watter funksie het die verwysing na die handeklappery in die roman t.o.v. die milieu? (1)

10.13 Wie is die **wit man** (r. 17) na wie ouma Essie verwys? (1)

10.14 Na watter gierigheid verwys ouma Essie hier? (1)

10.15 10.15.1 Motiveer die gepastheid/geslaagdheid van die uitdrukking wat in r. 27 – 29 gebruik word. (1)

10.15.2 Omskryf die betekenis van hierdie uitdrukking binne die konteks van die betrokke gebeure. (1)

"Gits, dit ruik of jy ’n bietjie diesel gemors het, Baas," lag Riekert. Hy gaan leun teen ’n drom. "Maar ek sien jy het tog jou hoop planke weggewerk gekry." Hy hou die stok gereed. Vandag het hy ’n ander kamoefleerbroek aan. Longwane lê hom met gerysde nekhare en dophou, haar kop op haar pote.

"Jy sien reg, Riekert. Vir wat het julle daar bo tussen die bosse stilgehou?" Baas hou die plank met een hand in posisie. Met die ander hand verf hy ou olie aan.

"Ek het gedink meneer Baas sal miskien weet waar Tibelelo is." Meneer Kebbey hurk en klap nog ’n keer hande.

"Die bruidegom is bekommerd oor sy bruid." Riekert praat Engels. "Sy het nie verlede nag by haar ouma se huis geslaap nie."

"Hoe sal ek nou weet waar meneer Kebbey se bruid is?" Baas verf nog olie in.

"In julle persoonlike sakies wil ek tog nie betrokke raak nie, ou swaer," keer Riekert. "Meneer Kebbey het my maar net gevra of hy kan saamry. Ek is eintlik hier oor ’n ander sakie wat jou dalk sal interesseer. Ek het kom onderhandel oor ’n prys vir die Zambezi Joy."

10.16 Wat kan Riekert se lag (r. 32) moontlik impliseer? (1)

10.17 Waarvoor is die gemorste diesel gebruik? (1)

10.18 10.18.1 Wat sê Longwane se reaksie van Riekert? (1)

10.18.2 Is bogenoemde ’n geregverdige reaksie? Motiveer jou antwoord. (1)

10.19 Wie is Tibelelo? (1)

10.20 Waarop kan die woorde aan die einde van die roman dui waar Baas aan Grace vra om hom nie meer **meneer** te noem nie? (2)

10.21 Waarna verwys die **“persoonlike sakies”** (r. 48) tussen meneer Kebbey en Baas? (1)

**[25]**

## VRAAG 11

***Vatmaar* (A.H.M. Scholtz)**

Die roman *Vatmaar* vertel eerder die storie van die Vatmaar-nedersetting en sy uiteenlopende inwoners as wat dit op ŉ enkele hoofkarakter fokus. Skryf ŉ goed gestruktureerde opstel van 400 – 450 woorde, met bogenoemde stelling as uitgangspunt en fokus op die volgende punte:

- Die naam "Vatmaar" se rol en herkoms in hierdie roman
- Bespreek die volgende karakters se rol in die geskiedenis/verhaal van Vatmaar:
    - o Ta Vuurmaak
    - o George Lewis
    - o Charles Hendrik Terblanche (oom Chai)
- Sê ten slotte of die dood van hierdie drie karakters bygedra het tot ŉ verandering in die stemming in die Vatmaar-nedersetting.

**[25]**

**OF**

## VRAAG 12

***Vatmaar* (A.H.M. Scholtz)**

Bestudeer die volgende teksfragment uit die roman en beantwoord die daaropvolgende vrae.

My kinders, het Ta Vuurmaak vir ons gesê, ek is mos nie dom nie, die plek was al lank gesond toe dra ek nog altyd die linnebande om my been. Wanneer ons iets moes doen waarvoor ek nie lus was nie, het ek gemaak of ek nie op die been kon trap nie. En ek het net te lekker gevoel as Chai sê: Laat staan die kruppelgat.

Terwyl hy die ou kwesmerk streel, het hy met sy glimlag sonder tande gesê: Dié is my eie waarheid.

Ons het Ta Vuurmaak aangekyk en elkeen sy eie ding gedink.

By die eerste plaashuis was daar net ŉ ou ouma, ŉ swanger vrou en twee klein dogtertjies, het Ta Vuurmaak vertel. Nie een van hulle het ooit gehuil of vir genade gesoebat nie. En toe het die ouma onthou dat die Bybel nog in die kombuis was. Sy het deur die vlamme teruggeloop.

Ek sê wat ek gesien het, my kinders, het Ta Vuurmaak in ŉ gebroke stem gesê terwyl hy ons een vir een aankyk. Sy het uit die huis uit gekom, haar klere in vlamme, maar met die Boek so heel bokant haar kop. Die jong vrou het gehardloop en die Boek uit haar hande gevat.

Wat het toe gebeur, Ta Vuurmaak? wou een van ons weet.

Toe het die ouma in een groot vlam verander, haar rok was uitgebrand, en haar kappie was die laaste om aan die brand te raak, en ons het na daai ou gesig gekyk. Daar het nie ’n traan uit haar oë of ’n geluid uit haar mond gekom nie. Tot vandag toe, my kinders, sien ek daai gesig asof alles gister gebeur het.

Dit het alles so vinnig gegaan. Skierlik het die ouma op die grond gelê - net ’n swart bondel wat na gebrande vleis ruik. Ons het almal na haar toe gegaan, maar dit was te laat. Sy het haar laaste asem uitgeblaas. Net toe het die vuur die dak laat inval en alles het stil geword.

Chai het toe vir ons boys gesê om die grawe en pikke te bring en ’n graf te grawe net langs die lyk. Hy het vir die jong vrou, wat nog altyd nie gehuil het nie, gesê: Miesies, dit is Miesies se eer om die ouma in die graf te sit.

Sy het die ou vrou ingerol en die Onse Vader opgesê. Chai het dit saam met haar gesê. Met die Bybel teen haar bors vasgedruk het sy gesê: Vader vergeef hulle, hulle weet nie wat hulle doen nie.

Sy het omgedraai na waar die Queen se manne op hulle pêre sit en na hulle toe gespoeg.

Ons het die gat toegegooi. Die jong vrou het ’n stuk hout gevat en daarmee ’n ketel uit die gloeiende as van die kombuis gekrap, dit vol sand gemaak en dit op die graf se koppenent neergesit.

Sy het net na die mans gekyk wat nog altyd op hulle pêre gesit het. Hulle het weggekyk, hulle kon haar nie in die oë kyk nie want sy was nie bang vir hulle nie. Dit het alles gebeur sonder dat die Queen se manne ’n vinger gelig het. Ek het Corporal Lewis net hoor sê: We must obey orders.

12.1 Wat is ironies omtrent Ta Vuurmaak se vleiswond? (2)

12.2 12.2.1 Waarvan is “**waarheid**” (r. 7) ’n metafoor? (1)

12.2.2 Waarna verwys Ta Vuurmaak wanneer hy in die ander gevalle na die **waarheid** verwys? (1)

12.3 Watter karaktertrek van Ta Vuurmaak kan jy uit r. 1 – 5 aflei? (1)

12.4 Wat het die mense moontlik van Ta Vuurmaak se waarheid gedink (r. 8)? (1)

12.5 Watter emotiewe waarde is in Ta Vuurmaak se gebroke stem (r. 14 – 15) opgesluit? (1)

12.6 Om watter rede sou daar, terwyl die ouma aan die brand was, nog steeds geen emosie op haar gesig gewys het nie? (1)

12.7 Wat is die “**boys**” (r. 30) tydens die oorlog genoem? (1)

12.8 Verduidelik hoe die jong vrou se woorde (r. 36) met haar handeling (r. 37 – 38) kontrasteer. (2)

| | | |
|---|---|---|
| 12.9 | Motiveer of dit regtig 'n eer vir die jong vrou was om die ouma te begrawe. | (1) |
| 12.10 | 12.10.1 Om watter rede gebruik Chai die aanspreekvorm "**Miesies**" (r. 32)? | (1) |
| | 12.10.2 Sou so 'n aanspreekvorm vandag steeds geldig wees vir dieselfde rede wat jy in Vraag 12.10.1 gegee het? | (1) |
| 12.11 | Watter karaktertrek van die jong vrou word duidelik wanneer sy 'n gebed by die graf doen? | (1) |
| 12.12 | Watter simboliese waarde word aan die ketel vol sand (r. 40 – 41) toegedig? | (1) |
| 12.13 | Motiveer die gepastheid van die woord "**pêre**" (r. 42) in plaas van **perde**. | (1) |
| 12.14 | Om watter rede sou Corporaal Lewis se mense dan wou hê dat die vroue vir hulle bang moes wees (r. 43 – 44)? | (1) |
| 12.15 | Na watter **"orders"** (r. 46) verwys Corporaal Lewis? | (2) |
| 12.16 | Watter planne het oom Chai gehad toe daar aangekondig is dat daar na hierdie geval nog vier plaashuise afgebrand moes word? | (1) |
| 12.17 | Hoe het bogenoemde planne van oom Chai tot die naam van die nedersetting gelei? | (1) |
| 12.18 | Beskik Ta Vuurmaak oor dieselfde **goed skelm-slim** (eienskap) as wat hy aan ander toedig? Motiveer jou antwoord. | (2) |
| 12.19 | Wat beteken **Ta** in Ta Vuurmaak se naam? | (1)<br>**[25]** |

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

## AFDELING C

### DRAMA

- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vraag beantwoord het, **móét** jy die opstelvraag in Afdeling C beantwoord, of andersom.
- Dit is belangrik om die vraag te kies oor die drama wat jy behandel het.
- Onthou dat die opstelvraag van ŉ inleidingsparagraaf en ŉ slotparagraaf (volgens die nasienrubriek) voorsien moet word.

### VRAAG 13

***Krismis van Map Jacobs*** **(Adam Small)**

In hierdie drama is Map die protagonis wat die pad byster raak in sy soeke na identiteit. Gaandeweg kom hy wel tot selfinsig. Skryf ŉ goed gestruktureerde opstel van 400 – 450 woorde oor hierdie stelling en fokus op die volgende hoofpunte:

- Verduidelik die verband tussen die protagonis en die dramatitel.
- Verduidelik hoe die sosiaal-maatskaplike toestande die protagonis se lewe beïnvloed het en tot sy oordeelsfout aanleiding gegee het.
- Die protagonis se karakter groei/ verander/ ontwikkel.
- Bewys uit die teks hoe die gemeenskap skepties teenoor Map Jacobs na sy vrylating staan. Dink jy die gemeenskap het rede om Map met agterdog te bejeën?

**[25]**

**OF**

### VRAAG 14

***Krismis van Map Jacobs*** **(Adam Small)**

Bestudeer die volgende teksfragmente uit die drama en beantwoord die daaropvolgende vrae.

| | | |
|---|---|---|
| MAUD | : | It's not going to work out, man ... It's not going to work out... |
| CAVERNELIS | : | Gee my ŉ bietjie blatjang, Maudie. Ons moenie so baie praat nie ... *Maudie bring die fles tafel toe.* |
| MAUD | : | I suppose so, ja ... *ŉ Ruk lank eet hulle in stilte, rondom hulle, buitekant, die geraas van die township op ŉ Saterdagmiddag. Dan stuur Maud die gesels ŉ ander koers in.* |
| MAUD | : | Hierdie klomp skorriemorrie, layabouts, loafers, Cyril en Richie, en wat hulle name ook al is, ek het vir hulle hier deur die venster dopgehou daar onder, hulle't |

weer vir Blanchie gemoveer vanoggend ... Die skuim ... Vir haar name geskree ... Jy weet, Cavernelis-darling, I can't take it, I can't take it anymore ...

CAVERNELIS : *(skielik opstandig en bitter. Skielik ook lyk hy sterk. Maar hy praat sag):* Die vuilgoed. Ons sake is nie hulle besigheid nie ... Blanchie se sake, dit het niks met hulle te make nie! Dis hoekom ek vir jou sê ons moet úit hier ...

MAUD : Maar dis precisely omdat ons wil úit, lat hulle vir ons moveer ... "O," skree hulle vir Blanchie, "jy's al weer op pad ...", en hulle lag hulle disgusting soorte gelag ...

CAVERNELIS : Maud! Stop dit!

MAUD : But it's true ...

CAVERNELIS : Stop, sê ek!

MAUD : Cavernelis!

CAVERNELIS : Die vullis!

MAUD : Ek sê vir jou, we must get out of here, out, out ...

14.1 Watter milieu-aanduiding kom in die titel van die drama voor? (1)

14.2 Wie/wat is die antagonis in die drama? (1)

14.3 Watter deel van die dramatiese struktuur vorm die teksfragement (r. 1 – 29)? (1)

14.4 Maud se woorde in r. 1 – 2 kan op ŉ vooruitwysing met betrekking tot Cavernelis dui. Verduidelik hierdie stelling deur na die slot van die drama te verwys. (2)

14.5 Maud het ook later vir Blanchie ŉ **jintoe** genoem. Wat is die betekenis van dié woord? (1)

14.6 Watter tipe konflik is in Cavernelis se opstand (r. 16 – 20) geleë? (1)

14.7 Wat is die funksie van die ellips in r. 23 ("**op pad ...**" )? (1)

14.8 Watter karakter-eienskap van Maud kan jy aflei uit die feit dat sy liewer Engels as Afrikaans praat? (1)

14.9 Wie het gesê dat missies Cavernelis Engels **prefer** omdat dit ŉ "**superior language**" is? (1)

14.10 Hoe beskou Cavernelis die inwoners van die township? (1)

14.11 Die mense in die township is in hul uitsiglose bestaan vasgevang. Hoe probeer die volgende karakters ontsnap?

14.11.1 Maud (1)

14.11.2 Blanchie (1)

14.12 Hoe het Cavernelis uiteindelik van sy omstandighede (die township) ontsnap? (1)

| | | |
|---|---|---|
| | | *Die lig verander. Cyril-hulle verdwyn. Cavernelis alleen. Dan kom Blanchie in. Asof in die Cavernelisse se "flat". ’n terugflits.* |
| CAVERNELIS | : | Blanchie ... |
| BLANCHIE | | *(huiwerend):* Daddy? |
| CAVERNELIS | : | Map ... Jacobs ... |
| BLANCHIE | : | Daddy Daddy mien ... Johnnie ... |
| CAVERNELIS | | *(nog starend):* Map Jacobs ... |
| BLANCHIE | : | Hoe ... mien Daddy ... Johnnie ... |
| CAVERNELIS | | *(HARD):* Map! |
| BLANCHIE | | *(ook hard):* Nee! Nie Map nie! ... Johnnie ... |
| CAVERNELIS | : | Maar Blanchie ... kind ... het jy gehoor, het jy dan nie gehoor, wat gebeur het ... Blanchie? ... |
| BLANCHIE | : | Maar ... Daddy ... *(Dan huil sy.)* ... 'Is nie soes Johnnie nie ... 'is nie ... |
| CAVERNELIS | : | Bly stil! |
| BLANCHIE | | *(ken haar pa nie so teenoor haar nie):* Daddy! |
| | | *Stilte.* |
| CAVERNELIS | : | Ek is ... jammer ... Blanchie ... Maar ... Dis hy ... |
| BLANCHIE | : | Daddy! ... Ag, Here, Daddy ... |
| CAVERNELIS | | *(stukkend):* Hy's ’n ... ’n misdadiger ... |
| BLANCHIE | : | Nee! Dis ... dis ’n lieg! ... |
| CAVERNELIS | : | Ja! *(Van sy wysie af.)* Ja! Ja!! Ja!! Jaa!! |
| BLANCHIE | : | O Here God, wat het gebeur!? Daddy ... |
| CAVERNELIS | : | Jy moet nou weg van hom af ... weg, weg, wég van hom af ... |
| BLANCHIE | : | Daddy ... Daddy! ... Johnnie ... Johnnie, Hoekom? ... Johnnie ... |

14.13 Wat is die funksie van die neweteks in r. 30 – 32? (1)

14.14 Hoe belig die name “**Map ... Jacobs ...**” (r. 37) en **“Johnnie”**(r. 38) twee teenoorgestelde pole in Map Jacobs se menswees? (2)

14.15 Waarna verwys Cavernelis as hy vra of Blanchie nie gehoor het wat gebeur het nie? (1)

14.16 Hoekom kan Blanchie met oortuiging aan Cavernelis sê dat dit nie is soos wat Johnnie is nie? (1)

14.17 Cavernelis beskou Map as ’n misdadiger. Op welke wyse kan Cavernelis self as ’n misdadiger beskou word? (1)

14.18 Map Jacobs het vir sy misdaad geboet. Motiveer of Cavernelis ook vir sy misdaad boet. (2)

14.19 Watter karakter is nie meer stom na die boetedoening nie? (1)

14.20 Die vraag, "**Hoekom?**"(r. 58) wat Blanchie vra, word later deur Map beantwoord. Wat is Map se rede? (1)

14.21 Motiveer die gepastheid van die taalgebruik in die drama. (1)
**[25]**

**VRAAG 15**

***Mis* (Reza de Wet)**

In die drama *Mis*, gee die transformasie van die konstabel aanleiding tot spanning en afwagting. Skryf ʼn goed gestruktureerde opstel van 400 – 450 woorde oor hierdie stelling en fokus op die volgende hoofpunte:

- Die konstabel kom aanvanklik as held voor om die vroue se veiligheid te verseker.
- Die konstabel is by uitstek ʼn manipuleerder.
- Die konstabel se transformasie verlei Meisie.
- Aan die einde ontsnap Meisie van haar sosio-ekonomiese gevangenheid.
- Is Meisie se ontsnapping volgens jou onvanpas of het jy dit as leser verwag? Motiveer jou antwoord. **[25]**

**OF**

**VRAAG 16**

Bestudeer die volgende teksfragmente uit die drama en beantwoord die daaropvolgende vrae.

| | | |
|---|---|---|
| KONSTABEL | : | Die krieke kriek harder. Die aandblom ruik soeter. Die adder seil vinniger deur die gras. |
| GERTIE | : | En u kan dit alles waarneem? |
| KONSTABEL | : | Ja. Ek kan. |
| GERTIE | | *(vou haar hande saam):* Uitsonderlik! |
| MIEM | : | Kom sit gerus, Konstabel. |
| GERTIE | | *(beweeg vinnig na die konstabel en neem sy arm):* So ja. Versigtig net vir die punt van die tafel. Dis reg. *(Trek ʼn stoel uit)* |
| KONSTABEL | : | Ek sal verder regkom! |
| GERTIE | | *(afgehaal):* Soos u wil. |
| MIEM | : | Wat van ʼn lekker koppie koffie, Konstabel? |
| KONSTABEL | : | Ja, dankie. *(Sit)* Drie suikers en min melk. *(Skuif sy sak onder die stoel in)* |
| MIEM | : | Meisie, maak vir die konstabel koffie. En jy het hom gehoor. Drie suikers en min melk. |
| MEISIE | : | Ja, Ma. *(Beweeg na die stoel)* |
| | | *Meisie hou die konstabel onderlangs dop. Miem en Gertie hou hom ook dop. Hy sit doodstil en kyk voor hom uit. Na ʼn paar oomblikke van stilte bars hy skielik uit van die lag.* |
| MIEM | : | Wat is so snaaks, Konstabel? |
| KONSTABEL | : | Iets *(lag)* het my net skielik bygeval. *(Skielik stroef)* Verskoon my tog. |

| | | |
|---|---|---|
| GERTIE | : | U kan dit maar met ons deel, Konstabel. ’n Bietjie jolyt sal ons goed doen. |
| MIEM | : | Jy kan dit weer sê, Gertie. |
| KONSTABEL | : | Ek is jammer. Dis persoonlik. |
| MIEM | | *(geaffronteerd. Kyk na Gertie):* O! *’n Effens ongemaklike stilte.* |
| GERTIE | : | En waar kom u vandaan, Konstabel? |
| KONSTABEL | : | O, hier en daar. Nooit lank op dieselfde dorp nie. Ek word gebruik vir ... spesiale gevalle. |
| MIEM | : | So, u is natuurlik hier oor die verdwynings, Konstabel? |

16.1 Watter verband is daar tussen die sosio-ekonomiese omstandighede van die tyd waarin die drama afspeel en die titel van die drama? (1)

16.2 Watter een van die vroue het vir die konstabel soeter geruik (in aansluiting by r. 1)? (1)

16.3 16.3.1 Na wie kan die “**adder**” (r. 2) verwys? (1)

16.3.2 Watter Afrikaanse spreekwoord wat die woord **adder** bevat en wat beteken om iemand kwaad aan te doen wat vir jou goed is, kan hier gepas wees? (1)

16.4 Gertie het vroeër die aand ’n onheilsteken waargeneem. Wat was dié teken? (1)

16.5 Wat is die ware rede dat die konstabel sonder hulp by die sitplek kan uitkom? (1)

16.6 16.6.1 Wat is in die sak wat die konstabel onder die stoel inskuif? (1)

16.6.2 Hoe sluit die inhoud van die sak by die begrip van verleiding aan? (1)

16.6.3 Hoe help die inhoud van die sak dat die konstabel kan transformeer? (1)

16.7 Waaraan sou jy die lag van die konstabel (r. 21) toeskryf? (1)

16.8 In r. 23 verwys Gertie na bietjie **jolyt**. Watter kontras is daar tussen die woord en die afloop van die drama? (1)

16.9 Reël 32 het betrekking:

16.9.1 Wat bedoel Miem as sy sê dat die konstabel daar vir die verdwynings is? (1)

16.9.2 Watter ironie is in hierdie woorde opgesluit? (1)

GERTIE *(gretig):* Nee, kom nou, Miem. Vertel alles vir die konstabel. Dis nie asof jy skinder nie. Jy praat met die gereg.

MIEM : Dit is seker so. Konstabel, ek kan jou ŉ ding of twee vertel. En vooraanstaande mense.

*ŉ Angswekkende kreet word gehoor.*

KONSTABEL : Wat was dit?

MIEM : Toe maar, Konstabel, dit is net my man. Hierdie tyd van die aand raak hy van al sy opgekropte gevoelens ontslae. Verder is hy tjoepstil.

KONSTABEL : En hoe lank ... gaan dit al so?

MIEM : Van na die Depressie af. Dit was vir my arme man te veel. (*Sug*) ŉ Tiekie vir ŉ skaap.

KONSTABEL : En hoe dikwels sien u hom?

MIEM : Vir sewe jaar het ek hom nog nie met ŉ oog gesien nie. (*Tranerig*) Dit is vir my ŉ groot beproewing.

KONSTABEL : Gaan hy ooit buitetoe? Is daar ŉ manier waarop hy kan uitkom? Miskien ŉ buitedeur met ŉ soldertrap?

MIEM : Waarom vra u, Konstabel?

KONSTABEL : Ek vra maar net, Mevrou. (*Skielik streng*) Beantwoord asseblief my vraag. Is daar ŉ solderdeur?

MIEM : Ja, daar is, en wat daarvan? Hy het dit toegesluit. Van binne af. Die deur is vir sewe jaar nog nooit oopgemaak nie.

KONSTABEL : So, hy het dus die sleutel?

MIEM : (*skielik baie kwaad*): Wat probeer u sê, Konstabel? Dit lyk my u verdink my arme man! Vir arme Gabriël wat geen vlieg kan skade doen nie. Ons ontvang u in ons huis en dan behandel u ons so.

KONSTABEL : Ek is jammer, Mevrou, ek het nie bedoel ...

MIEM : U dink seker ons is dom. Wil ons kastig kom beskerm. (*Snork*)

GERTIE : Aag, kom nou, Miem.

MIEM : Nee, wil ons kastig kom beskerm. Maar wat hy eintlik wil kom doen, is om hier rond te snuffel! Soos ŉ bloedhond!

KONSTABEL : Mevrou, ek verseker u ...

MIEM : Gabriël is ŉ goeie man. ŉ Sagmoedige man. Edel van inbors! Uit ŉ goeie familie! Hy was maar altyd ... ŉ bietjie swartgallig! Maar wat is daarmee verkeerd? Maak dit hom ŉ monster? O, ek weet wat die mense sê! Hulle sê hy is nie ... lekker nie! (*Baie boos*) Skinderbekke! Kwaadstokers! En u glo hulle! Konstabel, ek dink u moet maar liewer gaan! U is nie langer hier welkom nie!

GERTIE : Jy bedoel dit tog nie, Miem?

MIEM : Hou jou hier uit! Dit is my man wat so ... beswadder word!

KONSTABEL : (*staan op. Kwaad. Beweeg na die deur*): Ek sal gaan, Mevrou. (*Draai by die deur om en laat sy stok val*) Maar laat my asseblief net toe om my saak te stel. Ek wil nie so hier weggaan nie.

MIEM (*nors*): Nou sê jou sê.

KONSTABEL : (*kwaad*): Dit is my werk! Ek is gewoond om vrae te vra. En ek is werklik bekommerd oor u veiligheid. Wat u ook al mag dink. Ek wou maar net uitvind ... of hier nog ŉ deur is. Nog ŉ plek om in te kom. Sodat ek in my pasoppens kan wees. Nou weet ek van alle gevare. Die deur kan maklik

oopgebreek word ... Iemand kan daar insluip ... U man oorrompel ... Afklim ... en voor ons weet, is hy of sy ... tussen ons.

16.10 Watter karaktertrek van Miem kan uit haar woorde in r. 35 – 36 afgelei word? (1)

16.11 Die “**angswekkende kreet**” (r. 37) het betrekking:

16.11.1 Wie uiter die kreet? (1)

16.11.2 Watter vooruitwysing is in die emosie van die kreet geleë? (1)

16.12 Miem noem dat die karakter al vir sewe jaar in die solder ingekerker is.

16.12.1 Hoe sluit die ingekerkerde situasie van dié karakter by Meisie se situasie aan? (1)

16.12.2 Dink jy dat die karakter op die solder aan die einde van die drama na Miem sal terugkeer? Motiveer jou antwoord. (2)

16.13 Wat sou die uitkoms vir Miem wees as die konstabel wel haar woorde ter harte geneem het (r. 72) en hy gegaan het? (1)

16.14 Watter tipe konflik is in r. 56 – 59 ter sprake? (1)

16.15 16.15.1 Gee een karaktertrek van Gabriël. (1)

16.15.2 Watter karakteriseringstegniek het jy aangewend om die karaktertrek in Vraag 16.15.1 te identifiseer? (2)

16.16 Verduidelik die dramatiese ironie in r. 82 – 89. (1)
**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [25]**

**GROOTTOTAAL: 80**

**EINDE**